

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA.

OFFISIËLE KOERANT



UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES - AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/-

Monday, 2nd March, 1959

WINDHOEK

Maandag, 2 Maart 1959

No. 2182

CONTENTS.

INHOUD.

Page/Bladsy

PROCLAMATIONS:—

- No. 12. Gobabis Township (Extension No. 3):
Establishment of
- No. 13. Aranos Township (Extension No. 1):
Establishment of

PROKLAMASIES:—

- Dorp Gobabis (Uitbreiding No. 3): Stigting van 161
- Dorp Aranos (Uitbreiding No. 1): Stigting van . 163

GOVERNMENT NOTICES:—

- No. 37. Conditions of Service: Administration
Employees
- No. 38. Prohibited Areas: Amendment of
- No. 39. Motor Vehicle Badge — 1959/1960
- No. 40. Wheel Tax Badge — 1959/1960
- No. 41. Administration Employees Regulations:
Amendment of
- No. 194. (Union). Exchange Control Regulations:
Amendment of
- No. 195. (Union). Exchange Control Regulations:
Exports to the High Commission Terri-
tories

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:—

- Diensvoorwaardes: Administrasiewerknemers . 165
- Verbode Gebiede: Wysiging van 170
- Onderskeidingsteken vir Motorvoertuie —
1959/1960 171
- Onderskeidingsteken vir Wielbelasting —
1959/1960 171
- Administrasiewerknemersregulasies: Wysiging
van 172
- (Unie). Deviesebeheerregulasies: Wysiging van 172
- (Unie). Deviesebeheerregulasies: Uitvoere na die
Hoë Kommissaris Gebiede 173

GENERAL NOTICES:—

- No. 28. Municipality of Walvis Bay: Closing of
Street
- No. 29. Cancellation — Grant M.4/4/28
- No. 110. (Union). Building Societies Returns: De-
cember, 1958

ALGEMENE KENNISGEWINGS:—

- Munisipaliteit, Walvisbaai: Sluiting van Straat 173
- Kansellasië — Akte M.4/4/28 173
- (Unie) Bouverenigingsopgawes: Desember 1958 174

ADVERTISEMENTS:—

Estate Notices, etc., etc.

ADVERTENSIES:—

Boedelkennisgewings, ens., ens. 174

PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE DANIEL THOMAS DU PLESSIS VILJOEN, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 12 of 1959.]

WHEREAS notification has been received from the Registrar of Deeds that the provisions of section *fifteen* of the Townships Ordinance, 1928 (Ordinance 11 of 1928), as amended, have been complied with in respect of the area named GOBABIS TOWNSHIP (EXTENSION No. 3);

NOW THEREFORE, in terms of section *sixteen* of the said Ordinance, I do hereby proclaim, declare and make known that the said GOBABIS TOWNSHIP (EXTENSION NO. 3), as represented by General Plan No. A.724/57, is an approved township and further that the establishment of the said township has been sanctioned subject to the conditions set forth in the schedule hereto, which said conditions have been imposed in terms of section *nine* of the said Ordinance.

GOD SAVE THE QUEEN!

Given under my hand and seal at Cape Town this 4th day of February, 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

SCHEDULE.

CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. NAME OF TOWNSHIP.

The name of the township shall be Gobabis Township (Extension No. 3).

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP.

The township shall comprise erven and streets as indicated on General Plan No. A.724/57.

3. RESERVED LAND.

The following erven may be used for the purpose stated below only: Provided that the Administrator may authorise the suspension or relaxation of this restriction subject to such conditions as he may impose after consultation with the Townships Board.

- (a) Erf 487 — Open space.
- (b) Erven No. 484, and 486 (Cemetery) for Municipal purposes.
- (c) Erf 485 for Municipal purposes to be used for recreation purposes.
- (d) Erven Nos. 429 to 444 both inclusive to be transferred to the South West Africa Administration before any other erven are transferred.

4. CONDITIONS OF TITLE.

The following conditions of title shall be registered in the deeds of transfer of all erven except those referred to in paragraphs 3 (a), 3 (b), 3 (c) and 3 (d).

This erf shall be subject to the following conditions provided that if in the opinion of the Administrator acting upon the recommendation of the Townships Board it is expedient that the restriction in any condition be suspended or relaxed, he may authorise the necessary suspension or relaxation subject to compliance with such conditions as he may deem fit.

PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE DANIEL THOMAS DU PLESSIS VILJOEN, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 12 van 1959.]

NADEMAAL kennisgewing van die Registrateur van Aktes ontvang is dat die bepalings van artikel *vyftien* van die Dorpe-Ordonnansie 1928 (Ordonnansie 11 van 1928) soos gewysig, nagekom is ten opsigte van die gebied genoem die dorp GOBABIS (UITBREIDING No. 3);

SO IS DIT dat ek kragtens artikel *sestien* van genoemde Ordonnansie hierby proklameer, verklaar en bekend maak dat genoemde dorp GOBABIS (UITBREIDING No. 3), soos aangewys op Algemene Plan A. 724/57, 'n goedgekeurde dorp is en voorts dat die stigting van genoemde dorp toegestaan is onderhewig aan die voorwaardes uiteengesit in die bylae hiervan, welke genoemde voorwaardes kragtens artikel *nege* van die genoemde Ordonnansie opgelê is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN!

Gegee onder my hand en seël te Kaapstad op hierdie 4de dag van Februarie 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

BYLAE.

STIGTINGSVOORWAARDES.

1. NAAM VAN DORP.

Die dorp heet Gobabis-Uitbreiding 3.

2. SAMESTELLING VAN DORP.

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan A. 724/57.

3. GERESERVEERDE GROND.

Die volgende erwe mag net gebruik word vir die ondervermelde doeleindes: Met dien verstande dat die Administrateur die opskorting of verslapping van hierdie beperking kan magtig op voorwaardes wat hy na oorleg met die Dorperaad stel:—

- (a) Erf 487 — oop ruimte.
- (b) Erwe 484 en 486 (Begraafplaas) vir munisipale doeleindes.
- (c) Erf 485 vir munisipale doeleindes om vir ontspanningsgeriewe gebruik te word.
- (d) Erwe 429 tot en met 444 wat aan die Administrasie van Suidwes-Afrika getranspoteer moet word voordat enige ander erwe getranspoteer word.

4. TITELVOORWAARDES.

Die volgende titelvoorwaardes moet aangeteken word op die transportakte van elke erf buiten dié genoem in paragrawe 3 (a), 3 (b), 3 (c) en 3 (d).

Die volgende voorwaardes geld vir hierdie erf: Met dien verstande dat as die Administrateur op aanbeveling van die Dorperaad dit raadsaam ag om die beperking in enige voorwaarde op te skort of te verslap, hy die nodige opskorting of verslapping kan magtig op die voorwaardes wat hy goed vind:—

A. ALL ERVEN.

In favour of the Administrator.

(i) This erf shall not be subdivided without the consent of the Administrator subject to such conditions as he may wish to impose.

B. ALL ERVEN.

In favour of the Municipality.

(ii) The owner of this erf shall be obliged without compensation to permit the excavation and receive the excavated material on the erf as may be required to allow full use of the full width of the adjoining street and to provide a safe and proper slope to its bank owing to the difference between the level of the street as finally constructed and the erf, unless he elects to build retaining walls at his own cost to the satisfaction of and within a period to be determined by the Municipality.

(iii) The owner of this erf shall not be permitted to drill or excavate for water.

(iv) This erf or any portion thereof shall not be transferred, leased, or in any other way be disposed of to any coloured person, and no coloured person other than the servants who render their services on the erf shall be permitted to reside thereon or in any other manner occupy same, provided that in the case of the hotel erf No. 324 bona fide servants of guests temporarily residing on the erf may also be permitted to reside thereon during such temporary residence of their employers.

"Coloured Person" shall mean a person one of whose parents is a member of any of the aboriginal races of Africa, or any Asiatic or Cape Malay or any person who is manifestly a native or coloured person, and shall include any partnership or company, whether incorporated or otherwise in which the management is directly or indirectly held by or vested in such person.

(v) Except for the purpose of erecting a building on this erf neither the owner nor any other person shall have the right to make or cause to be made for any person any bricks, tiles, earthenware pipes or any articles of such nature on this erf.

(vi) No dairy, livery stable, cowshed, slaughterpole, piggery or any offensive trade may be established or conducted on this erf.

"Offensive Trade" shall mean any of those trades referred to in paragraph 1 (a) of Government Notice No. 141/1926 dated 10th November, 1926 as amended.

(vii) No cattle, pigs, sheep, goats or draught animals may be kept on this erf.

C. ADDITIONAL CONDITIONS APPLICABLE TO ERF NO. 324.

(viii) This erf shall be used exclusively for an hotel and for purposes incidental thereto.

(ix) The minimum value of the main building to be erected on this erf shall not be less than £10,000.

D. ADDITIONAL CONDITIONS APPLICABLE TO ERVEN NOS. 325 TO 344 BOTH INCLUSIVE.

(viii) This erf shall be used for business purposes only.

(ix) With the due regard to the provisions of any law, bye law or regulation there shall be no restriction on the number of shops or businesses that may be established or carried on this erf: Provided no business shall be carried on mainly with non-Europeans and no Native eating house of any description may be conducted on this erf.

(x) The minimum building value of the main building to be erected on this erf shall not be less than £4,000.

E. ADDITIONAL CONDITIONS APPLICABLE TO ERVEN Nos. 345 to 351, AND 478 TO 483.

(viii) This erf shall only be used for businesses which are conducted in offices and not for shops, petroleum filling stations, garages or industries.

A. ALLE ERWE.

Ten gunste van die Administrateur.

(i) Hierdie erf mag nie onderverdeel word nie, buiten met die toestemming van die Administrateur en dan op die voorwaardes wat hy stel.

B. ALLE ERWE.

Ten gunste van die Munisipaliteit.

(ii) Die eienaar van hierdie erf is verplig om sonder vergoeding toe te laat dat daarop uitgrawings gedoen word en uitgegraafde materiaal gelaat word, na dit nodig blyk, ten einde volle gebruik van die hele wydte van die aanliggende straat moontlik te maak en om 'n veilige en behoorlike helling te verskaf in die geval van 'n oppervlakteverskil tussen die straat, na voltooiing daarvan, en die erf, tensy hy verkies om op eie koste steunmure te bou ten genoeë van, en binne die tydperk wat die munisipaliteit bepaal.

(iii) Die eienaar van hierdie erf mag nie vir water boor of dolwe nie.

(iv) Nòg die geheel, nòg 'n deel, van hierdie erf mag aan 'n nie-blanke oorgedra, verhuur of op enige wyse van die hand gesit word nie, en geen nie-blanke behalwe bediendes wat hul dienste op die erf lewer, mag op die erf woon of dit hoegenaamd beset nie: Met dien verstande, ten opsigte van die hotel-erf 324, dat bona fide-bediendes van gaste wat tydelik op die erf vertoef, ook toegelaat kan word om op die erf te verkeer gedurende die tydelike verblyf van hul werkgewers.

„Nie-blanke" beteken iemand van wie een van hulle ouers 'n lid is van enigeen van die inheemse rasse van Afrika, of 'n Asiatiese of Kaapse Maleier, of enigeen wat klaarblyklik 'n Inboorling of Kleurling is, en sluit in enige vennootskap of maatskappy, met of sonder regs persoonlikheid, waarvan die bestuur of beheer regstreeks of onregstreeks deur sodanige persoon gehou word of by hom berus.

(v) Buiten ter oprigting van 'n gebou op hierdie erf, mag nòg die eienaar nòg enigiemand anders vir enigeen bakstene, teëls, erdewerkpype of ander artikels van sodanige aard op hierdie erf maak of laat maak nie.

(vi) Geen melkery, huurstal, koeistal, slagpale, varkhok of hinderlike bedryf hoegenaamd mag op hierdie erf aangebring of bestuur word nie.

„Hinderlike bedryf beteken 'n bedryf genoem in paragraaf 1 (a) van Goewermenskenningsgewing 141/1926 van 10 November 1926, soos gewysig.

(vii) Geen beeste, varke, skape, bokke of trekdier mag op hierdie erf aangehou word nie.

C. BYKOMENDE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN ERF 324.

(viii) Hierdie erf mag net vir 'n hotel en daarmee verbandhoudende doeleindes gebruik word.

(ix) Die waarde van die hoofgebou wat op hierdie erf opgerig word, moet minstens £10,000 bedra.

D. BYKOMENDE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN ERWE 325 TOT EN MET 344.

(viii) Hierdie erf mag net vir sakedoeleindes gebruik word.

(ix) Met behoorlike inagneming van die bepalings van enige wet, verordening of regulasie is daar geen beperking op die getal winkels of sake wat op hierdie erf gestig of gedryf kan word nie: Met dien verstande dat geen saak wat merendeels met nie-blankes handel, en geen inboorlingrestaurant hoegenaamd, op hierdie erf gedryf mag word nie.

(x) Die waarde van die hoofgebou wat op hierdie erf opgerig word, moet minstens £4,000 bedra.

E. BYKOMENDE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN ERWE 345 TOT EN MET 351 EN 478 TOT EN MET 483.

(viii) Hierdie erf mag net gebruik word vir sakeondernemings wat in kantore gedryf word, en nie vir winkels, brandstofvulstasies, motorherstelwinkels of nywerhede nie.

- (ix) The minimum building value of the main building to be erected on this erf shall not be less than £3,000.

F. ADDITIONAL CONDITIONS APPLICABLE TO ERVEN NOS. 352 TO 428 AND 445 TO 477.

- (viii) Outbuildings erected on this erf may not be occupied by anyone except the domestic servants of the owner or his tenant.
- (ix) This erf shall be used for residential purposes only and not more than one dwelling house for a single family together with such outbuildings as are ordinarily required in connection therewith may be erected thereon.
- (x) No hotel, block of flats, semi-detached or tenement houses may be erected on this erf.
- (xi) No building or structure or any portion thereof except boundary walls or fences shall be erected nearer than 5 metres to the street line which forms a boundary of this erf nor within 3 metres of any lateral or rear boundary common to an adjoining erf.
- (xii) The dwelling to be erected on this erf, exclusive of outbuildings, shall have a value not less than £2,000 and shall be erected at the same time as or prior to the erection of the outbuildings.

- (ix) Die waarde van die hoofgebou wat op hierdie erf opgerig word, moet minstens £3,000 bedra.

F. BYKOMENDE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN ERWE 352 TOT EN MET 428 EN 445 TOT EN MET 477.

- (viii) Buitegeboue wat op hierdie erf opgerig word, mag deur niemand buiten die huisbediendes van die eienaar of sy huurder bewoon word nie.
- (ix) Hierdie erf mag net vir woondoeleindes gebruik word en hoogstens een woonhuis vir 'n enkele gesin tesame met die buitegeboue wat gewoonlik daarby nodig is, mag op hierdie erf opgerig word.
- (x) Geen hotel, woonstelblok, skakel- of deelhuis mag op hierdie erf opgerig word nie.
- (xi) Geen gebou of struktuur of deel daarvan, buiten grensmure of omheinings, mag opgerig word binne 5 meter van die straatlyn waaraan hierdie erf grens nie, nóg binne 3 meter van 'n sy- of agtergrens wat gemeenskaplik is met 'n aanliggende erf nie.
- (xii) Die woonhuis wat op hierdie erf opgerig word, moet, afgesien van buitegeboue, minstens £2,000 werd wees, en moet gelyktydig met, of voor, die buitegeboue opgerig word.

No. 13 of 1959.]

WHEREAS notification has been received from the Registrar of Deeds that the provisions of section *fifteen* of the Townships Ordinance, 1928 (Ordinance 11 of 1928), as amended, have been complied with in respect of the area named ARANOS TOWNSHIP (EXTENSION NO 1);

NOW THEREFORE, in terms of section *sixteen* of the said Ordinance, I do hereby proclaim, declare and make known that the said ARANOS TOWNSHIP (EXTENSION NO. 1), as represented by General Plan No. A.334/58, is an approved township and further that the establishment of the said township has been sanctioned subject to the conditions set forth in the schedule hereto, which said conditions have been imposed in terms of section *nine* of the said Ordinance.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal at Cape Town this 4th day of February, 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

SCHEDULE.

CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. NAME OF TOWNSHIP.

The name of the township shall be Aranos Extension No. 1.

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP.

The township shall comprise erven and streets as indicated on General Plan No. A.334/58.

3. RESERVED LAND.

The following erven may be used for the purpose stated below only: Provided that the Administrator may authorise the suspension or relaxation of this restriction subject to such conditions as he may impose after consultation with the Township Board:—

- (a) Erf 121 — As an open space.

4. CONDITIONS OF TITLE.

The following conditions of title shall be registered in the deeds of transfer of all erven except those referred to in paragraph 3 hereof.

This erf shall be subject to the following conditions provided that if in the opinion of the Administrator, acting upon the recommendation of the Township Board, it is expedient that the restriction in any condition be suspended or relaxed, he may authorise the necessary

No. 13 van 1959.]

NADEMAAL kennisgewing van die Registrateur van Aktes ontvang is dat die bepalinge van artikel *vyftien* van die Dorpe-Ordonnansie 1928 (Ordonnansie 11 van 1928) soos gewysig, nagekom is ten opsigte van die gebied genoem die dorp ARANOS (UITBREIDING NO. 1);

SO IS DIT dat ek kragtens artikel *sestien* van genoemde Ordonnansie hierby proklameer, verklaar en bekend maak dat genoemde dorp ARANOS (UITBREIDING NO. 1), soos aangewys op Algemene Plan A. 334/58, 'n goedgekeurde dorp is en voorts dat die stigting van genoemde dorp toegestaan is onderhewig aan die voorwaardes uiteengesit in die bylae hiervan, welke genoemde voorwaardes kragtens artikel *nege* van die genoemde Ordonnansie opgelê is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël te Kaapstad op hierdie 4de dag van Februarie 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

BYLAE.

STIGTINGSVOORWAARDES.

1. NAAM VAN DORP.

Die dorp heet Aranos-uitbreiding 1.

2. SAMESTELLING VAN DORP.

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan A.334/58.

3. GERESERVEERDE GROND.

Die volgende erwe mag net gebruik word vir die ondervermelde doeleindes: Met dien verstande dat die Administrateur die opskorting of verslapping van hierdie beperking kan magtig op voorwaardes wat hy na oorleg met die Dorperaad stel:—

- (a) Erf 121 — oop ruimte.

4. TITELVOORWAARDES.

Die volgende titelvoorwaardes moet aangeteken word op die transportakte van elke erf buiten dié genoem in paragraaf 3 hiervan.

Die volgende voorwaardes geld vir hierdie erf: Met dien verstande dat as die Administrateur op aanbeveling van die Dorperaad dit raadsaam ag om die beperking in enige voorwaarde op te skort of te verslap, hy die nodige

suspension or relaxation subject to compliance with such conditions as he may deem fit.

(A) ALL ERVEN.

In favour of the Administrator.

- (i) This erf shall not be subdivided without the consent of the Administrator and subject to such conditions as he may wish to impose.
- (ii) The owner of this erf shall be obliged without compensation to permit the excavation and receive the excavated material on the erf as may be required to allow full use of the full width of the adjoining street and to provide a safe and proper slope to its bank owing to the difference between the level of the street as finally constructed and the erf, unless he elects to build retaining walls at his own cost to the satisfaction of and within a period to be determined by the Administration or the local authority.
- (iii) The owner of this erf shall not be permitted to drill or excavate for water.
- (iv) This erf or any portion thereon shall not be transferred, leased or in any other way be disposed of to any coloured person, and no coloured person other than the servants who render their services on the erf shall be permitted to reside thereon or in any other manner occupy same.
"Coloured Person" shall mean a person one of whose parents is a member of any of the aboriginal races of Africa, or any Asiatic or Cape Malay or any person who is manifestly a native or coloured person, and shall include any partnership or company, whether incorporated or otherwise in which the management is directly or indirectly held by or vested in such person.
- (v) Except for the purpose of erecting a building on this erf neither the owner or any other person shall have the right to make or cause to be made for any purpose any bricks, tiles, earthenware pipes or any articles of such nature on this erf.
- (vi) No dairy, livery stable, cowshed, slaughterpole, piggery or any offensive trade may be established or conducted on this erf.
"Offensive Trade" shall mean any of those trades referred to in paragraph 1 (a) of Government Notice No. 141/1926 dated 10 November 1926 as amended.
- (vii) No cattle, pigs, sheep, goats or draught animals may be kept on this erf.

(B) ADDITIONAL CONDITIONS APPLICABLE TO ERVEN NOS. 51 TO 120.

- (viii) This erf shall be used for residential purposes only and not more than one dwelling house of a single family together with such outbuildings as are ordinarily required in connection therewith may be erected thereon.
- (ix) No hotel, block of flats, semi-detached or tenement houses may be erected on this erf.
- (x) Outbuildings erected on this erf may not be occupied by anyone except the domestic servants of the owner or his tenant.
- (xi) No building or structure or any portion thereof except boundary walls or fences shall be erected nearer than 5 metres to the street line which forms a boundary of this erf nor within 3 metres of any lateral or rear boundary common to an adjoining erf.

(C) ADDITIONAL CONDITIONS APPLICABLE TO ERVEN NO. 47 TO 50.

- (viii) This erf shall be used for business purposes only.
- (ix) With due regard to the provisions of any law, byelaw or regulation, there shall be no restriction on the number of shops or businesses that may be established or carried on this erf. Provided no business shall be carried on mainly with non-Europeans and no native eating house of any description may be conducted on this erf.
- (x) The minimum value of the main building to be erected on this erf shall not be less than £2,500.
- (xi) Outbuildings erected on this erf may not be occu-

opskorting of verslapping kan magtig op die voorwaardes wat hy goed vind.

(A) ALLE ERWE.

Ten gunste van die Administrateur

- (i) Hierdie erf mag nie onderverdeel word nie, buiten met die toestemming van die Administrateur en dan op die voorwaardes wat hy stel.
- (ii) Die eienaar van hierdie erf is verplig om sonder vergoeding toe te laat dat daarop uitgrawings gedoen word en uitgegraafde materiaal gelaat word, na dit nodig blyk, ten einde volle gebruik van die hele wydte van die aanliggende straat moontlik te maak en om veilige en behoorlike helling te verskaf in die geval van 'n oppervlakteverskil tussen die straat, na voltooiing daarvan, en die erf, tensy hy verkies om op eie koste steunmure te bou ten genoeë van, en binne die tydperk wat die Administrateur of die plaaslike bestuur bepaal.
- (iii) Die eienaar van hierdie erf mag nie vir water boor of dolwe nie.
- (iv) Nóg die geheel, nóg 'n deel van hierdie erf mag aan 'n nie-blanke oorgedra, verhuur of op enige wyse van die hand gesit word nie, en geen nie-blanke buiten bediendes wat hul dienste op die erf lewer, mag op die erf woon of dit hoegenaamd beset nie.
„Nie-blanke” beteken iemand van wie een van die ouers 'n lid is van enigeen van die inheemse rasse van Afrika, of 'n Asiatiese of Kaapse Maleier of enigeen wat klaarblyklik 'n Inboorling of Kleurling is, en sluit in enige vennootskap of maatskappy, met of sonder regpersoonlikheid, waarvan die bestuur regstreeks of onregstreeks deur sodanige persoon uitgeoefen word of by hom berus.
- (v) Buiten ter oprigting van 'n gebou op hierdie erf, mag nóg die eienaar nóg enigiemand anders vir enigeen bakstene, teëls, erdewerkpype of ander artikels van sodanige aard op hierdie erf maak of laat maak nie.
- (vi) Geen melkery, huurstal, koeistal, slagpale, varkhok of hinderlike bedryf hoegenaamd mag op hierdie erf aangebring of bestuur word nie.
„Hinderlike bedryf” beteken 'n bedryf genoem in paragraaf 1 (a) van Goewermentskennisgewing 141/1926 van 10 November 1926, soos gewysig.
- (vii) Geen beeste, varke, skape, bokke of trekdier mag op hierdie erf aangehou word nie.

(B) BYKOMENDE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN ERWE 51—120.

- (viii) Hierdie erf mag net vir woondoeleindes gebruik word, en hoogstens een woonhuis vir 'n enkele gesin tesame met die buitegeboue wat gewoonlik daarby nodig is, mag op hierdie erf opgerig word.
- (ix) Geen hotel, woonstelblok, skakel- of deelhuis mag op hierdie erf opgerig word nie.
- (x) Buitegeboue wat op hierdie erf opgerig word, mag deur niemand buiten die bediendes van die eienaar of van sy huurder bewoon word nie.
- (xi) Geen gebou of struktuur of deel daarvan buiten grensmure of -omheinings mag binne 5 meter van die straatlyn waaraan hierdie erf grens, nóg binne 3 meter van 'n sy- of agtergrens wat gemeenskaplik is met 'n aanliggende erf, opgerig word nie.

(C) BYKOMENDE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN ERWE 47—50.

- (viii) Hierdie erf mag net vir sakedoeleindes gebruik word.
- (ix) Met behoorlike inagneming van die bepalings van enige betrokke wet, verordening of regulasie, is daar geen beperking op die getal winkels of ander sakeondernemings wat op hierdie erf gestig of gedryf kan word nie: Met dien verstande dat geen saak wat merendeels met nie-blankes handel en geen inboorlingrestaurant hoegenaamd op hierdie erf gedryf mag word nie.
- (x) Die waarde van die hoofgebou wat op hierdie erf opgerig word, moet minstens £2,500 bedra.
- (xi) Buitegeboue wat op hierdie erf opgerig word, mag

pied by anyone except the domestic servants of the owner or his tenant.

(D) ADDITIONAL CONDITIONS APPLICABLE TO ERVEN NOS. 51 TO 55, 63 TO 69, 79 TO 85 AND 108 TO 116.

(xii) The minimum value of the dwelling exclusive of outbuildings to be erected on this erf shall not be less than £3,000.

(E) ADDITIONAL CONDITIONS APPLICABLE TO ERF NO. 56 TO 62, 70 TO 78, 86 TO 107 AND 117 TO 120.

(xii) The minimum value of the dwelling exclusive of outbuildings to be erected on this erf shall not be less than £2,500.

deur niemand buiten die huisbediendes van die eienaar of sy huurder bewoon word nie.

(D) BYKOMENDE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN ERWE 51 — 55, 63 — 69, 79 — 85 en 108 — 116.

(xii) Die woonhuis wat op hierdie erf opgerig word, moet afgesien van buitegeboue, minstens £3,000 werd wees.

(E) BYKOMENDE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN ERWE 56 — 62, 70 — 78, 86 — 107 en 117 — 120.

(xii) Die woonhuis wat op hierdie erf opgerig word, moet, afgesien van buitegeboue, minstens £2,500 werd wees.

Government Notices.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS.
Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Goewermentskennisgewings.

The following Government Notices are published for general information.

C. F. MARAIS.
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 37.]

[2nd March, 1959.

CONDITIONS OF SERVICE.

ADMINISTRATION EMPLOYEES.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section three of the Administration Employees Ordinance, 1957, (Ordinance 17 of 1957) to amend the regulations on the conditions of service of employees of the Administration of South West Africa, published in Government Notice 156 of the 22nd June, 1957, as follows:

1. Insert the following regulation before regulation 46:

„46. Definitions:

In this part of the Regulations, unless the context otherwise indicates, "pay" means the salary or wages normally payable to an employee when on duty and includes allowances which do not form part of salary or wage;

"service" means any continuous full-time government service in any capacity;

"day of rest" means —

(a) a Sunday or a public holiday in the case of an employee who normally does not work on such a day; or

(b) in the case of an employee who normally works on a Sunday or a public holiday, any other day on which he normally is relieved from duty in lieu thereof;

"salary or wage" means the annual salary or wage inclusive of any allowance and the cash value of any privileges supplied in kind, provided such allowances and privileges have been declared pensionable."

2. Renumber the existing regulation to regulation 46 bis.

3. Insert the following new regulation after regulation 47 (3):

"(4) Leave already granted may at any time be withdrawn by the Secretary."

4. Add the words —

"is suspended from duty or where an employee"

No. 37.]

[2 Maart 1959

DIENSVOORWAARDES:

ADMINISTRASIEWERKNEMERS.

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid hom verleen by Artikel 3 van die Administrasiewerknemersordonnansie 1957 (Ordonnansie 17 van 1957) die regulasies betreffende die diensvoorwaardes van Werknemers van die Administrasie van Suidwes-Afrika wat afgekondig is by Goewermentskennisgewing 156 van 22 Junie 1957 soos volg te wysig:—

1. Voeg die volgende nuwe regulasie in voor regulasie 46:

„46. Woordbepaling:

In hierdie afdeling van die regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken „betaling", die salaris of loon wat gewoonlik aan 'n werknemer betaalbaar is wanneer hy in diens is en sluit dit in toelaes wat nie by salaris of loon inbegrepe is nie;

„diens", enige onafgebroke voltydse regeringsdiens in enige hoedanigheid;

„rusdag":—

(a) 'n Sondag of 'n openbare feesdag, in die geval van 'n werknemer wat nie gewoonlik op sodanige dag werk nie; of

(b) in die geval van 'n werknemer wat gewoonlik op 'n Sondag of 'n openbare feesdag werk, enige ander dag waarop hy gewoonlik in plaas daarvan van diens vrygestel is;

„salaris of loon", die jaarlikse salaris of loon insluitende enige toelaes en die kontantwaarde van enige voorregte wat in natura verskaf word, mits sulke toelaes en voorregte as pensioendraend verklaar is."

2. Hernommer die bestaande regulasie 46 as regulasie 46 bis.

3. Voeg die volgende nuwe regulasie in na regulasie 47 (3):

„(4) Verlof reeds toegestaan kan te eniger tyd deur die Sekretaris ingetrek word."

4. Voeg by die woorde —

„in sy diens geskors is of waar 'n werknemer"

after the word "employee" where it occurs for the first time in regulation 47 (2).

5. Add the words —

"or immediately after a female officer has given notice of her contemplation of marriage"

after the word "resignation" where it occurs in regulation 48 (1).

6. Delete the existing sub-regulation (1) of regulation 51 and substitute the following new subregulation:—

"(1) For the purpose of granting leave of absence employees are divided into the following groups:—

- (a) employees in the professional division who have completed —
 - (i) five years or longer service:
Vacation leave group I;
Sick leave group A;
 - (ii) less than five years service:
Vacation leave group II;
Sick leave group A.
- (b) Employees in the administrative, clerical, technical and general divisions who have completed —
 - (i) fifteen years or longer service:
Vacation leave group I;
Sick leave group A;
 - (ii) ten years or longer but less than fifteen years service:
Vacation leave group II;
Sick leave group A;
 - (iii) less than ten years service:
Vacation leave group III;
Sick leave group A.
- (c) Non-classified and temporary employees, **excluding** employees whose conditions of service have been determined in accordance with the provisions of industrial and similar agreements and employees who have specifically been classified under other groups, who have completed —
 - (i) fifteen years or longer service:
Vacation leave group II;
Sick leave group B;
 - (ii) ten years or longer but less than fifteen years service:
Vacation leave group III;
Sick leave group D;
 - (iii) five years or longer but less than ten years service:
Vacation leave group IV;
Sick leave group F;
 - (iv) less than five years service:
Vacation leave group V;
Sick leave group H.
- (d) Non-European employees, excluding employees whose conditions of service have been determined in accordance with the provisions of industrial and similar agreements, who have completed —
 - (i) twenty years or longer service:
Vacation leave group III;
Sick leave group C;
 - (ii) fifteen years or longer but less than twenty years service:
Vacation leave group IV;
Sick leave group E;
 - (iii) ten years or longer but less than fifteen years service:
Vacation leave group V;
Sick leave group G;
 - (iv) five years or longer but less than ten years service:
Vacation leave group VI;
Sick leave group H;
 - (v) less than five years service:
Vacation leave group VII;
Sick leave group I.

na die woord „werknemer" waar dit die eerste keer voorkom in regulasie 47 (2).

5. Voeg by die woorde —

„of sodra 'n vroulike werknemer kennis gee van haar voorneme om in die huwelik te tree"

na die woord „bedanking" waar dit in regulasie 48 (1) voorkom.

6. Skrap die huidige subregulasie (1) van regulasie 51 en vervang dit deur die volgende nuwe subregulasie:—

„(1) Werknemers word vir die doeleindes van die toestaan van afwesigheidsverlof in die ondervermelde groepe ingedeel:

- (a) Werknemers in die vakkundige afdeling wat —
 - (i) vyf jaar of langer diens voltooi het:
Vakansieverlofgroep I;
Siekteverlofgroep A;
 - (ii) minder as vyf jaar diens voltooi het:
Vakansieverlofgroep II;
Siekteverlofgroep A;
- (b) Werknemers in die administratiewe, klerklike, tegniese en algemene afdelings wat —
 - (i) vyftien jaar of langer diens voltooi het;
Vakansieverlofgroep I;
Siekteverlofgroep A;
 - (ii) tien jaar of langer maar minder as vyftien jaar diens voltooi het:
Vakansieverlofgroep II;
Siekteverlofgroep A;
 - (iii) Minder as tien jaar diens voltooi het:
Vakansieverlofgroep III;
Siekteverlofgroep A.
- (c) Nie-geklasseerde en tydelike werknemers, uitgesonderd werknemers wie se diensvoorwaardes vasgestel is in ooreenstemming met die bepalinge van nywerheids- en dergelike ooreenkomste en werknemers wat spesifiek onder ander groepe ingedeel is; wat —
 - (i) vyftien jaar of langer diens voltooi het:
Vakansieverlofgroep II;
Siekteverlofgroep B;
 - (ii) tien jaar of langer maar minder as vyftien jaar diens voltooi het:
Vakansieverlofgroep III;
Siekteverlofgroep D;
 - (iii) vyf jaar of langer maar minder as tien jaar diens voltooi het:
Vakansieverlofgroep IV;
Siekteverlofgroep F;
 - (iv) minder as vyf jaar diens voltooi het:
Vakansieverlofgroep V;
Siekteverlofgroep H.
- (d) Nie-blanke werknemers, uitgesonderd werknemers wie se diensvoorwaardes vasgestel is in ooreenstemming met die bepalinge van nywerheids- en dergelike ooreenkomste, wat —
 - (i) twintig jaar of langer diens voltooi het:
Vakansieverlofgroep III;
Siekteverlofgroep C;
 - (ii) vyftien jaar of langer maar minder as twintig jaar diens voltooi het:
Vakansieverlofgroep IV;
Siekteverlofgroep E;
 - (iii) tien jaar of langer maar minder as vyftien jaar diens voltooi het:
Vakansieverlofgroep V;
Siekteverlofgroep G;
 - (iv) vyf jaar of langer maar minder as tien jaar diens voltooi het:
Vakansieverlofgroep VI;
Siekteverlofgroep H;
 - (v) minder as vyf jaar diens voltooi het:
Vakansieverlofgroep VII;
Siekteverlofgroep I.

- (e) Nursing staff (European and non-European) of hospitals and institutions:
Vacation leave group VIII;
Sick leave group A.
- (f) Employees engaged in divisions where they are exposed to radiation:
Vacation leave group IX;
Sick leave group A.
- (g) European employees serving in schools, hostels and the Neudam Agricultural College:
Vacation leave group X;
Sick leave group J;
Non-accumulative leave group.
- (h) Non-European employees and temporary employees serving at schools and hostels:
Non-accumulative vacation leave group;
Sick leave: Employees who have completed —
 - (i) twenty years or longer service:
Sick leave group C;
 - (ii) fifteen years or longer but less than twenty years service:
Sick leave group E;
 - (iii) ten years or longer but less than fifteen years service:
Sick leave group G;
 - (iv) five years or longer but less than ten years service:
Sick leave group H;
 - (v) less than five years service:
Sick leave group I.

7. Insert the following new sub-regulation after sub-regulation (1) of regulation 51:

“(2) A person serving under contract shall, unless his service contract provides otherwise, be granted leave in accordance with these regulations, and his grouping for leave purposes shall be determined in the same manner as that of a comparable employee in the Administration.”

8. Delete the existing sub-regulation (2) of regulation 51.

9. Delete the existing sub-regulation (1) of regulation 52 and substitute the following new subregulation (1) for it:

“(1) Employees may be granted leave in accordance with the following scale, having regard to their classification in regulation 51:

(a) *Vacation leave:*

Group.	Number of days per annum.
I	38
II	34
III	30
IV	26
V	22
VI	18
VII	14
VIII	44
IX	48
X	As provided in sub-regulation (3) of this regulation.

(b) *Sick leave.*

Group.	Number of days in each cycle.	
	With full pay.	With half pay.
A	120	120
B	90	90
C	80	80
D	70	70
E	60	60
F	50	50
G	40	40
H	30	30
I	15	15

(c) *Non-accumulative vacation leave:*

Not exceeding in the aggregate 70 days in each year ending on the 31st December during the periods for which instruction is suspended.”

10. Skrap die huidige subregulasie (2) van regulasie 52 en vervang dit deur die volgende nuwe subregulasie (2):

- (e) Verpleegspersoneel (blank en nie-blank) van hospitale en inrigtings:
Vakansieverlofgroep VIII;
Siekteverlofgroep A;
- (f) Werknemers in afdelings waar hulle aan uitstraling blootgestel is:
Vakansieverlofgroep IX;
Siekteverlofgroep A;
- (g) Blanke werknemers in diens by skole, koshuise en die Landboukollege, Neudam:
Vakansieverlofgroep X;
Siekteverlofgroep J;
Nie-oplopende vakansieverlofgroep.
- (h) Nie-blanke werknemers en tydelike werknemers in diens by skole en koshuise:
Nie-oplopende vakansieverlofgroep;
Siekteverlof; Werknemers wat —
 - (i) twintig jaar of langer diens voltooi het:
Siekteverlofgroep C;
 - (ii) vyftien jaar of langer maar minder as twintig jaar diens voltooi het:
Siekteverlofgroep E;
 - (iii) tien jaar of langer maar minder as vyftien jaar diens voltooi het:
Siekteverlofgroep G;
 - (iv) vyf jaar of langer maar minder as tien jaar diens voltooi het:
Siekteverlofgroep H;
 - (v) minder as vyf jaar diens voltooi het:
Siekteverlof groep I.”

7. Voeg die volgende nuwe subregulasie in na sub-regulasie (1) van regulasie 51:

„(2) Aan 'n persoon wat onder kontrak dien, word, tensy sy dienskontrak anders bepaal, verlof toegestaan kragtens hierdie regulasies en sy groepering vir verlofdoeleindes word net so bepaal soos dié van 'n vergelykbare werknemer in die Administrasie.”

8. Skrap die huidige subregulasie (2) van regulasie 51.

9. Skrap die huidige subregulasie (1) van regulasie 52 en vervang met die volgende nuwe subregulasie (1):

„(1) Aan werknemers kan verlof volgens die onderstaande skaal toegestaan word met inagneming val hul groepeerdeling ingevolge regulasie 51:

(a) *Vakansieverlof*

Groep.	Getal dae per jaar.
I	38
II	34
III	30
IV	26
V	22
VI	18
VII	14
VIII	44
IX	48
X	Soos bepaal in subregulasie (3) van hierdie regulasie.

(b) *Siekteverlof.*

Groep.	Getal dae in elke tydkring.	
	Met volle betaling.	Met halwe betaling.
A	120	120
B	90	90
C	80	80
D	70	70
E	60	60
F	50	50
G	40	40
H	30	30
I	15	15

(c) *Nie-oplopende vakansieverlof:*

In die geheel hoogstens 70 dae in elke jaar eindigende op 31 Desember gedurende tydperke waartydens onderlig opgeskort word.

10. Delete the existing sub-regulation (2) of regulation 52 and substitute the following new sub-regulation (2) for it:

"(2) Non-accumulative leave in terms of paragraph (c) of sub-regulation (1) shall accrue from two days after the beginning, until two days before the end of the first school holiday after appointment and thereafter from two days after the beginning until two days before the end of each succeeding school holiday."

11. Add the following words after the word "employee" where it occurs in the second line of subregulation (3) of regulation 52:

"referred to in paragraph (g) of sub-regulation (1) of regulation 51 to remain on duty during any school holiday,"

and delete the following words appearing after the said word "employee":

"... who falls, for leave purposes, under group VIA of paragraph (1) to remain on duty".

12. Delete the entire regulation and substitute the following new regulation 54 for it:

Days of Rest.

"54 (1) A day of rest shall not be regarded as leave and shall not be recorded as such in the leave register: Provided that —

(a) a day of rest, or two or more consecutive days of rest; falling within a period of leave shall be regarded as leave falling under the same heading of sub-regulation (1) of regulation 50 as the leave which precedes and succeeds such day or days of rest;

(b) a day of rest, or two or more consecutive days of rest falling between a period of vacation or non-accumulative leave and a period of sick leave (or *vice versa*) shall be regarded as vacation leave unless the employee concerned produces evidence that he was actually ill on such day or days of rest;

(c) in the case of an employee who is called upon to report for duty on a day of rest and who fails to do so, such day of rest shall be regarded as vacation leave without pay, unless he is prevented from reporting for duty by circumstances which are acceptable to the Secretary.

(2) An employee shall not be paid salary or wage in respect of a day of rest unless he is entitled to such payment for the day in terms of his conditions of service."

13. Delete the entire regulation 55 and substitute the following new regulation 55 for it:

"55. Vacation leave in terms of the repealed regulations or in respect of persons transferred from Provincial or other services."

(1) The promulgation of these regulations and the repeal of the regulations which were in force immediately prior to such promulgation in no way affect the continuity of the accumulative vacation leave privileges of an employee who was in the service immediately before the coming into force of these regulations, and accumulated vacation leave shall remain to the credit of such employee subject to the provisions of sub-regulation (3).

(2) A person in the full-time employment of the Public Service, the South African Railways, an educational institution under the control of the Department of Education, Arts and Science, the State Diggings, a provincial education department or a recognised university within the Union and a person appointed under a provincial ordinance in the service of a provincial administration who is transferred or appointed without a break in service, to a post or position in which these leave regulations become applicable to him, shall retain the accumulative vacation leave standing to his credit on the day before his appointment or trans-

„Nie-oplopende verlof ooreenkomstig paragraaf (c) van subregulasie (1) kom vanaf twee dae na die begin tot twee dae voor die einde van die eerste skoolvakansie na aanstelling toe en daarna vanaf twee dae na die begin tot twee dae voor die einde van elke daaropvolgende skoolvakansie."

11. Voeg die volgende woorde by na die woorde „vereis dat 'n" waar dit voorkom in die tweede reël van subregulasie (3) van regulasie 52:

„in paragraaf (g) van subregulasie (1) van regulasie 51 bedoelde werknemer gedurende enige skoolvakansie op diens bly,"

en skrap die volgende woorde wat na die genoemde woorde „vereis dat" voorkom:

„... 'n werknemer wat vir verlofdoeleindes onder groep VIA van paragraaf (1) ressorteer, op diens bly;"

12. Skrap regulasie 54 in sy geheel en vervang dit deur die volgende nuwe regulasie 54:

Rusdae.

„54 (1) 'n Rusdag word nie geag verlof te wees nie en word nie in die verlofstaat as sodanige aange-teken nie: Met dien verstande dat —

(a) 'n rusdag, of twee of meer opeenvolgende rusdae wat binne 'n tydperk van verlof val, geag word verlof te wees wat onder die-selwe hoof van subregulasie (1) van regula-sie 50 val as die verlof wat sodanige rusdag of rusdae voorafgaan of daarop volg;

(b) 'n rusdag, of twee of meer opeenvolgende rusdae wat tussen 'n tydperk van vakansie-of nie-oplopende verlof en 'n tydperk van siekteverlof (of omgekeerd) val, geag word vakansieverlof te wees, tensy die betrokke werknemer bewys lewer dat hy werklik op sodanige rusdag of rusdae siek was;

(c) in die geval waar 'n werknemer aangesê word om hom op 'n rusdag vir diens aan-te meld en hy in gebreke bly om dit te doen, sodanige rusdag geag te word vakansieverlof sonder betaling te wees, tensy hy weens omstandighede, wat vir die Sekretaris aan-neemlik is, verhinder word om hom vir diens aan te meld.

(2) 'n Werknemer word nie salaris of loon ten op-sigte van 'n rusdag betaal nie tensy hy kragtens sy diensvoorwaardes op betaling vir die dag ge-regtig is."

13. Skrap regulasie 55 in die geheel en vervang met die volgende nuwe regulasie 55:

„55. Vakansieverlof kragtens die Regulasies wat herroep is of ten opsigte van persone oorgeplaas van Provinsiale of ander diens.

(1) Die uitvaardiging van hierdie regulasies en die intrekking van die regulasies wat onmiddel-lik voor sodanige uitvaardiging van krag was, raak in geen opsig die aaneenlopendheid van die oplopende vakansieverlofvoorregte van 'n werk-nemer wat onmiddellik voor die datum van inwer-kingtrekking van hierdie regulasies in die diens was, en opgeloopte vakansieverlof bly staan tot die kre-diet van sodanige werknemer behoudens die bepa-lings van subregulasie (3).

(2) 'n Persoon wat voltyds in diens is in die Staatsdiens, Suid-Afrikaanse Spoorweë, 'n onder-wysinrigting onder beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, die Staatsdelwerye, 'n provinsiale onderwysdepartement of 'n erkende Universiteit binne die Unie en 'n persoon wat in diens van 'n provinsiale administrasie kragtens 'n provinsiale ordonnansie aangestel is en wat sonder 'n onderbreking van diens oorgeplaas word na of aangestel word in 'n pos of betrekking waarin hierdie verlofregulasies op hom van toepassing word, behou die oplopende vakansieverlof wat tot sy krediet gestaan het op die dag voor sy aanstel-

fer, subject to the provisions of sub-regulation (3), and the previous service in respect of which the leave credit is carried forward shall count as service for leave purposes. If such leave would have become available for utilisation only after the completion of a specified period of service and such period of service is uncompleted on the date these regulations become applicable to the employee the credit may be calculated in proportion to the portion of the relative period of service which he has completed on the last-mentioned date, and the leave concerned may be granted forthwith.

(3) In the application of this regulation any portion of a day shall be regarded as one day when the accumulated vacation leave is placed to the credit of an employee on the date these regulations become effective or become applicable to him."

14. Add the following words at the end of regulation 56:

"for such period as the Secretary may direct."

15. Delete sub-regulation (1) of regulation 57 and substitute the following new sub-regulation for it:

"(1) Accumulative vacation leave, excluding accumulative vacation leave placed to the credit of an employee in terms of sub-regulation (3) of regulation 52 shall accrue in respect of each completed month of service at the rate of one-twelfth of the provision applicable to an employee in terms of paragraph (a) of sub-regulation (1) of regulation 52."

16. Add the following new sub-regulation (2) after sub-regulation (1) of regulation 57:

"(2) If an employee is transferred from one post to another and his transfer results in a change in his classification for leave purposes, or if, for any other reason than his transfer, he passes from one vacation leave group to another —

- (a) he retains the accumulative vacation leave credit which accrued during his service in the previous group or groups; and
- (b) the new accumulative vacation leave group shall become applicable to him from the first day of the month during which such transfer becomes effective;

unless the provisions of sub-regulation (3) of regulation 51 are applicable to him.

17. The existing sub-regulation (2) of regulation 57 is renumbered sub-regulation (3).

18. Delete the existing sub-regulation (3) of regulation 57.

19. Add the following words after the words "regulation 63" where they appear in sub-regulation (4) of regulation 57:

"For the purposes of this sub-regulation no account shall be taken of vacation leave granted in terms of sub-regulation (6) of regulation 59."

20. Delete the existing sub-regulation (5) of regulation 57 and substitute the following sub-regulation for it:

"(5) The accumulative vacation leave standing to the credit of an employee on the 1st January of each year shall be recorded in the leave register, and in recording such credit any portion of a day shall be regarded as one day."

21. Delete sub-regulation (2) of regulation 59 and substitute the following new sub-regulation for it:

"(2) A sick leave cycle shall begin on the first day of January, 1959 and run for three years. Further sick leave cycles shall be for every succeeding period of three years."

22. Delete the words "and in which is certified that he was, as a result of the illness, confined indoors during the period concerned" occurring in sub-regulation (7) of regulation 59.

ling of oorplasing, behoudens die bepalinge van subregulasie (3) en die vorige diens ten opsigte waarvan die verlofkrediet oorgedra word, tel as diens vir verlofdoeleindes. As sodanige verlof eers na voltooiing van 'n vasgestelde dienstdyperk vir benutting beskikbaar sou geword het, en sodanige dienstdyperk op die datum waarop hierdie regulasies op die werknemer van toepassing word, nog nie voltooi is nie, kan die krediet na verhouding tot die gedeelte van bedoelde dienstdyperk wat hy op laasgenoemde datum voltooi het, bereken word en kan die betrokke verlof onmiddellik toegestaan word.

(3) By die toepassing van hierdie regulasie word enige gedeelte van 'n dag as een dag gereken wanneer die opgeloopte Vakansieverlof tot 'n werknemer se krediet geplaas word op die datum waarop hierdie regulasies in werking tree of op hom van toepassing word."

14. Voeg by regulasie 56 aan die einde van die genoemde regulasie, die woorde:

„en wel vir die tydperk wat die Sekretaris gelas."

15. Skrap subregulasie (1) van regulasie 57 en vervang dit deur die volgende nuwe subregulasie:

„(1) Oplopende vakansieverlof, uitgesonderd oplopende vakansieverlof wat kragtens subregulasie (3) van regulasie 52 tot 'n werknemer se krediet geplaas word, was aan ten opsigte van elke voltooide maand van diens en wel teen een-twaalfde van die voorsiening wat kragtens paragraaf (a) van subregulasie (1) van regulasie 52 op 'n werknemer van toepassing is.

16. Voeg by die volgende nuwe subregulasie (2) na subregulasie (1) van regulasie 57:

„(2) As 'n werknemer van een betrekking na 'n ander betrekking oorgeplaas word en sy oorplasing 'n verandering van sy groepering vir verlofdoeleindes meebring of as hy om enige ander rede as sy oorplasing van die een na die ander vakansieverlofgroep oorgaan —

- (a) behou hy die oplopende vakansieverlofkrediet wat gedurende sy dienstdyperk in die vorige groep of groepe aangewas het; en
- (b) word die nuwe groep met oplopende vakansieverlof op hom van toepassing vanaf die eerste dag van die maand waarin sodanige oorplasing of oorgang van krag word

tensy die bepalinge van subregulasie (3) van regulasie 51 op hom van toepassing is.

17. Hernommer die huidige subregulasie (2) van regulasie 57 na subregulasie (3).

18. Skrap die huidige subregulasie (3) van regulasie 57.

19. Voeg by, na die woorde „regulasie No. 63" waar dit in subregulasie (4) van regulasie 57 voorkom, die volgende woorde:

„By die toepassing van hierdie subregulasie word vakansieverlof wat kragtens subregulasie 6 van regulasie 59 toegestaan word, buite rekening gelaat."

20. Skrap die huidige subregulasie (5) van regulasie 57 en vervang dit deur die volgende:—

„(5) Die oplopende vakansieverlof wat 'n werknemer op 1 Januarie van elke jaar tot sy krediet het, word in die verlofstaat aangeteken, en by die aantekening van sodanige krediet word enige gedeelte van 'n dag as een dag gereken."

21. Skrap subregulasie (2) van regulasie 59 en vervang dit deur die volgende subregulasie:

„(2) 'n siekteverlofkringloop begin op die eerste dag van Januarie 1959 en duur drie jaar. Verdere siekteverlofkringlope is elke daaropvolgende tydperk van drie jaar."

22. Skrap die woorde „en waarin ook gesertifiseer word dat hy weens sy siekte gedurende die betrokke tydperk binnenshuis gebly het" waar dit in subregulasie (7) van regulasie 59 voorkom.

23. Delete the entire regulation 65 and substitute the following new regulation 65 for it:

"65. Leave which counts for leave purposes.

(1) All leave, of whatever nature, with full or part pay, and vacation and sick leave without pay not exceeding 15 days in a month, shall count for the purpose of leave accrual. If the leave without pay exceeds the number of days mentioned herein —

(a) such excess shall not be regarded as service for the purpose of sub-regulation (1) of regulation 57; and

(b) the provision in respect of sick leave with full pay and sick leave with half pay which is applicable to an employee in terms of paragraph (b) of sub-regulation (1) of regulation 52 shall be reduced by one-thirty-sixth in respect of each such excess, which reduction shall be made from the provision of the cycle in which the excess occurs, or, if the available sick leave for the relative cycle has already been taken, from the provision for the next succeeding cycle.

(2) Vacation leave without pay and sick leave without pay shall count as service for the purpose of determining an employee's leave group under regulation 51.

(3) Vacation leave which in terms of sub-regulation (1) accrues during a period of vacation leave without pay or sick leave without pay may not be granted to an employee until he has resumed his duties after his absence on vacation or sick leave without pay, and may also not be granted with retrospective effect."

24. Add the following new sub-regulation after sub-regulation (4) of regulation 68:

"(5) Calculation of the Cash Value of Leave.

(a) The amount of the leave gratuity is calculated by employing the following formula:

$$\frac{A \times B}{365}$$

where A represents the sum of the basic annual salary of the employee and the annual equivalent of those allowances which have been specifically approved by the Secretary for leave gratuity purposes and which apply to the employee on his last day of service; and where B represents the employee's commutable leave credit, subject to the maximum or reduced maximum determined in accordance with sub-regulation (2).

(b) An adjustment in the amount of leave gratuity may be made when an increase in salary or allowances is approved subsequent to the termination of the services of an employee, with retrospective effect from a date prior to the termination of his services, provided that the relative authority contains approval for the payment to the employee of the relative increase notwithstanding the fact that he has left the service."

25. These amendments shall take effect from the 1st day of January, 1959.

(Amendment slip No. 11).

No. 38.]

[2nd March, 1959.

NOTICE IN TERMS OF SECTION 3 (2) OF THE PROHIBITED AREAS PROCLAMATION, 1928 (PROCLAMATION NO. 26 OF 1928).

I, Daniel Thomas du Plessis Viljoen, Administrator of South West Africa, give notice in terms of subsection (2) of section three of the Prohibited Areas Proclamation, 1928 (Proclamation No. 26 of 1928), as amended, that the definition of the Police Zone, as set out in the First

23. Skrap regulasie 65 in sy geheel en vervang dit deur die volgende regulasie 65:

„65. Verlof wat vir verlofdoeleindes tel.

(1) Alle verlof, van watter aard ook al, met volle of gedeeltelike betaling, en vakansie- en siekteverlof sonder betaling van hoogstens altesaam 15 dae in 'n maand, tel vir die doel van verlofaanwas. As die verlof sonder betaling die hierin gemelde getal dae oorskry, word —

(a) sodanige oorskryding nie as diens vir die doeleindes van subregulasie (1) van regulasie 57 gereken nie; en

(b) die voorsiening ten opsigte van siekteverlof met volle betaling en siekteverlof met halwe betaling wat kragtens paragraaf (b) van subregulasie (1) van regulasie 52 op die werknemer van toepassing is, met een ses-en-dertigste ten opsigte van elke sodanige oorskryding verminder, en hierdie vermindering word aangebring aan die voorsiening van die tydkring waarin die oorskryding voorkom, of as die beskikbare siekteverlof van die betrokke tydkring reeds gebruik is, aan die voorsiening van die eersvolgende tydkring.

(2) Vakansieverlof sonder betaling en siekteverlof sonder betaling tel as diens vir die vasstelling van die indeling van 'n werknemer by 'n verlofgroep kragtens regulasie 51.

(3) Vakansieverlof wat kragtens subregulasie (1) aanwas gedurende 'n tydperk van vakansieverlof sonder betaling of siekteverlof sonder betaling mag nie aan 'n werknemer toegestaan word voordat hy na sy afwesigheid met vakansie- of siekteverlof sonder betaling, weer sy dienste hervat het nie en mag ook nie met terugwerkende krag toegestaan word nie."

24. Voeg die volgende nuwe subregulasie na subregulasie (4) van regulasie 68:

„(5) Berekening van kontantwaarde van verlof.

(a) Die onderstaande formule word gebruik by die berekening van die bedrag van die verlofgratifikasie:—

$$\frac{A \times B}{365}$$

met A gelyk aan die totaal van die werknemer se basiese jaarlikse salaris plus die jaarlikse ekwivalent van daardie toelaes wat die Sekretaris spesifiek met die oog op verlofgratifikasie goedgekeur het en waarvoor die werknemer op die laaste dag van sy diens in aanmerking kom; en met B gelyk aan die werknemer se omsetbare verlofkrediet onderhewig aan die maksimum of verminderde maksimum wat ooreenkomstig subregulasie (2) gestel word.

(b) Die bedrag van die verlofgratifikasie kan aansuiwer word wanneer 'n salaris- of toelaagverhoging na beëindiging van die werknemer se diens goedgekeur word met terugwerkende krag vanaf 'n datum voor die beëindiging van sy dienste mits die betrokke goedkeuring ook die uitbetaling van die betrokke verhoging aan die werknemer magtig hoewel hy reeds die diens verlaat het."

25. Die bostaande wysigings is van krag vanaf die 1ste dag van Januarie 1959.

(Wysigingsstrokie No. 11).

No. 38.]

[2 Maart 1959.

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 3 (2) VAN DIE VERBODE GEBIEDE PROKLAMASIE 1928 (PROKLAMASIE 26 VAN 1928).

Ek, Daniel Thomas du Plessis Viljoen, Administrateur van Suidwes-Afrika, gee hiermee ingevolge subartikel (2) van artikel drie van die Verbode Gebiede Proklamasie 1928 (Proklamasie 26 van 1928), soos gewysig, kennis dat die omskrywing van die Polisiezone, soos uit-

Schedule to that Proclamation, is hereby amended by the deletion of the words:

"up to the north-eastern corner beacon of the last-mentioned farm; then southwards along the eastern boundaries of the following farms: Maanlig 904, Spoor 905, Farm 916, Mayville 920, Lushof 928, Bothasweet 929, Onjama 952"

where they appear immediately after the words "Maanlig 904", where the latter appear for the first time, and the substitution therefor of the words:

"Farms 1010, 1011, 1012, up to the north-eastern corner beacon of the last-mentioned farm; then generally southwards along the eastern boundaries of the Farms 1012, 1007, 1006, 1001, 1000, 995, 994, 993, 991, Onjama 952".

Dated at Cape Town on this fourth day of February, 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

eengesit in die Eerste Bylae van daardie Proklamasie, hierby gewysig word deur die woorde:

„tot by die noordoostelike hoekbaken van die laasgenoemde plaas; vandaar suidwaarts langs die oosgrense van die volgende plase: Maanlig 904, Spoor 905, Plaas 916, Mayville 920, Lushof 928, Bothasweet 929, Onjama 952",

waar dit onmiddellik na die woorde „Maanlig 904" verskyn, waar laasgenoemde vir die eerste keer voorkom, te skrap en te vervang met die volgende woorde:

„Plase 1010, 1011, 1012, tot by die noordoostelike hoekbaken van laasgenoemde plaas; vandaar algemeen suidwaarts langs die oostelike grense van Plase 1012, 1007, 1006, 1001, 1000, 995, 994, 993, 991, Onjama 952".

Gedateer te Kaapstad op hierdie vierde dag van Februarie 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

No. 39.]

[2nd March 1959.

MOTOR VEHICLE BADGE ISSUED UNDER THE PROVISIONS OF SECTION THREE OF ORDINANCE NO. 17 OF 1937.

It is hereby notified for general information that in terms of regulation three of the regulations published under Government Notice No. 142 dated the 3rd day of August, 1937, the Secretary for the Territory has decided that the badge to be issued under the provisions of section three of the Motor Vehicle and Wheel Tax Ordinance, 1937 (Ordinance No. 17 of 1937), shall, for the period 1st April, 1959 to 31st March, 1960, be in the form as prescribed in the annexure hereto and shall be a cardboard disc, approximately three inches in diameter and blue in colour, the wording to be in black and the large figure "59" in red.


No. 39.]

[2 Maart 1959.

ONDERSKEIDSTEKEN VIR MOTORVOERTUIG INGEVOLGE ARTIKEL DRIE VAN ORDONNANSIE 17 VAN 1937.

Tel algemene inligting word daar hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van die Gebied kragtens regulasie drie van die regulasies wat by Goewermentskennisgewing 142 van 3 Augustus 1937 verskyn het, besluit het dat die onderskeidingsteken wat ingevolge die bepalings van artikel drie van die Ordonnansie op Motorvoertuig en Wielbelasting 1937 (Ordonnansie 17 van 1937) uitge-reik word, ten opsigte van die tydperk 1 April 1959 tot 31 Maart 1960 die vorm moet hê wat die bylae hiervan aangee en 'n blou kartonskyf ongeveer drie duim in deursnee moet wees met swart letters vir die bewoording en 'n groot rooi syfer „59".

ANNEXURE. — BYLAE.



No. 40.]

[2nd March 1959.

WHEEL TAX BADGE ISSUED UNDER THE PROVISIONS OF SECTION TWENTY-TWO OF ORDINANCE NO. 17 OF 1937.

It is hereby notified for general information that in terms of regulation three of the regulations published under Government Notice No. 142 dated the 3rd August, 1937, the Secretary for the Territory has decided that the badge to be issued under the provisions of section twenty-two of the Motor Vehicle and Wheel Tax Ordinance, 1937 (Ordinance No. 17 of 1937), shall, for the period 1st April, 1959 to 31st March, 1960, be in the form as prescribed in the annexure hereto and shall be a cardboard disc, approximately three inches in diameter and blue in colour, the wording to be in black and the large figure "59" in red.

No. 40.]

[2 Maart 1959.


ONDERSKEIDINGSTEKEN VIR WIELBELASTING INGEVOLGE ARTIKEL TWEE-EN-TWINTIG VAN ORDONNANSIE 17 VAN 1937.

Ter algemene inligting word daar hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van die Gebied kragtens regulasie drie van die regulasies wat by Goewermentskennisgewing 142 van 3 Augustus 1937 verskyn het, besluit het dat die onderskeidingsteken wat ingevolge die bepalings van artikel twee-en-twintig van die Ordonnansie op Motorvoertuig en Wielbelasting 1937 (Ordonnansie 17 van 1937) uitge-reik word, ten opsigte van die tydperk 1 April 1959 tot 31 Maart 1960 die vorm moet hê wat die bylae hiervan aangee en 'n blou kartonskyf ongeveer drie duim in deursnee moet wees met swart letters vir die bewoording en 'n groot rooi syfer „59".

nance, 1937 (Ordinance No. 17 of 1937) shall, for the period 1st April, 1959 to 31st March 1960, be in the form prescribed in the Annexure hereto, and shall be in tinned plate.

torvoertuie en Wielbelasting 1937 (Ordonnansie 17 van 1937) uitgereik word, ten opsigte van die tydperk 1 April 1959 tot 31 Maart 1960 die vorm moet hê wat in die bylae hiervan aangegee word, en van vertinde plaat moet wees.

ANNEXURE. — BYLAE.



No. 41.]

[2nd March, 1959.

No. 41.]

[2 Maart 1959.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section *three* of the Administration Employees Ordinance (Ordinance No. 17 of 1957), to amend the Administration Employees Regulations, published by Government Notice No. 156 of the 22nd June, 1957, as follows:—

- (1) the substitution of sub-regulation (1) of regulation 3 by the following:—

“The staff in the service of the Administration shall be divided into the following sections:

- (a) Professional division;
- (b) Administrative division;
- (c) Clerical division;
- (d) Technical division;
- (e) General division;
- (f) Non-classified division (European and non-European);
- (g) Hostel division;
- (h) Nursing division.

The abovementioned divisions include all employees whose posts fall within these divisions as directed by the Administrator.”

- (2) the substitution of sub-regulation (a) of regulation 92 by the following:—

“In the Union and South West Africa all European employees shall travel in the second class, except employees in the professional, administrative, clerical and technical divisions and all female personnel who may travel in the first class.”

(Amendment No. 12).

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie* van die Administrasiewerknemersordonnansie (Ordonnansie 17 van 1957) die volgende wysigings aan te bring in die Administrasiewerknemersregulasies, afgekondig by Goewermentskenisgewing 156 van 22 Junie 1957.

- (1) die vervanging van subregulasie (1) van regulasie (3) deur die volgende:—

„Die personeel in diens van die Administrasie word in die volgende afdelings ingedeel:—

- (a) Vakkundige afdeling;
- (b) Administratiewe afdeling;
- (c) Klerklike afdeling;
- (d) Tegniese afdeling;
- (e) Algemene afdeling;
- (f) Nie-geklassifiseerde afdeling (blank en nie-blank);
- (g) Koshuisafdeling;
- (h) Verpleegafdeling.

Bogenoemde afdelings omvat alle werknemers wie se betrekkings of poste deur die Administrateur gelas is om in dié afdelings opgeneem te word.”

- (2) die vervanging van subregulasie (a) van regulasie 92 deur die volgende:—

„In die Unie en Suidwes-Afrika moet alle blanke werknemers in die tweede klas ry behalwe bekleërs van poste in die vakkundige, administratiewe, klerklike en tegniese afdelings en alle vroulike personeel, wat in die eerste klas mag reis.”

(Wysiging No. 12).

No. 194 (Union).]

[6th February, 1959.

No. 194 (Unie).]

[6 Februarie 1959.

EXCHANGE CONTROL REGULATIONS:
AMENDMENT OF.

His Excellency the Governor-General, under and by virtue of the powers vested in him by section *nine* of the Currency and Exchanges Act, 1933 (Act No. 9 of 1933), has approved the following amendment

DEVIESEBEHEERREGULASIES:
WYSIGING VAN.

Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *nege* van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933 (Wet No. 9 van 1933), onderstaande wysigings van die Deviesebeheerregu-

to the Exchange Control Regulations published under Government Notice No. 2800 dated 2nd November, 1951, as amended by Government Notice No. 797 dated 6th June, 1958:—

Substitute the words "Subject to any exemption which may be granted by the Treasury, no person shall export from the Union goods which exceed" for the words "No person shall, during any period of twelve months export from the Union a total quantity of goods which exceeds" in paragraph (a) of sub-regulation (10) of regulation 6.

EXPLANATORY NOTE:

The foregoing amendment will have the effect of

- (a) conferring on the Treasury the power to grant exemptions from the provisions of regulation 6 (10) (a) and
- (b) requiring the completion of the prescribed declaration (Form F. 178) only in respect of an export of which the value exceeds £10.

lasies soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 2800 van 2 November 1951, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 797 van 6 Junie 1958, goedkeur:—

Vervang die woorde „Niemand mag gedurende enige tydperk van twaalf maande goedere, wat in geheel" deur die woorde "Behoudens enige vrystelling wat deur die Tesourie verleen mag word, mag niemand goedere vanaf die Unie uitvoer wat" in paragraaf (a) van subregulasie (10) van regulasie 6.

VERKLARENDE OPMERKING:

Voorafgaande wysiging sal die uitwerking hê dat

- (a) aan die Tesourie die bevoegdheid verleen word om vrystellings van die bepalings van regulasie 6 (10) (a) toe te staan, en
- (b) invulling van die voorgeskrewe verklaring (vorm F. 178) slegs ten opsigte van uitvoere wat in waarde £10 te bowe gaan, vereis word.

No. 195 (Union).]

[6th February, 1959.

EXCHANGE CONTROL REGULATIONS:

EXPORTS TO THE HIGH COMMISSION TERRITORIES.

Goods exported to Basutoland, Bechuanaland Protectorate and Swaziland are hereby exempted from the provisions of paragraph (a) of sub-regulation (10) of regulation 6 of the Exchange Control Regulations, issued under Government Notice No. 2800 of 2nd November, 1951.

EXPLANATORY NOTE:

The effect of the above Notice is that the prescribed declaration (Form F. 178) in respect of foreign exchange proceeds need not be completed in respect of exports to the High Commission Territories.

No. 195 (Unie).]

[6 Februarie 1959.

DEVIESEBEHEERREGULASIES:

UITVOERE NA DIE HOË KOMMISSARIS-GEBIEDE.

Goedere wat na Basoetoland, die Betsjoeanalandprotektoraat en Swaziland uitgevoer word, word hierby vrystel van die bepalings van paragraaf (a) van subregulasie (10) van regulasie 6 van die Deviesebeheerregulasies, uitgevaardig by Goewermentskennisgewing No. 2800 van 2 November 1951.

VERKLARENDE OPMERKING:

Die uitwerking van bostaande kennisgewing is dat die voorgeskrewe verklaring (vorm F. 178) ten opsigte van die opbrengs van buitelandse valuta nie ten opsigte van uitvoere na die Hoë Kommissaris-Gebiede ingevul hoef te word nie.

General Notices.

(No. 28 of 1959).

MUNICIPALITY OF WALVIS BAY.

NOTICE NO. 4/59.

PROPOSED PERMANENT CLOSING OF A PORTION OF THIRD STREET EAST.

Notice is hereby given in terms of Section 171 (b) of the Municipal Ordinance 1949 (Ordinance No. 3 of 1949) that it is the intention of the Council to close permanently the following portion of street:—

A truncated triangle portion, situated at the intersection of Third Street East and 18th Road, adjoining Consolidated Erf 1254 measuring approximately 1960 square metres.

Plans indicating the portion to be closed will lie for inspection during office hours for a period of 60 days from the date hereof, during which time written objections to the proposed closing may be lodged with the Administrator.

(No. 29 of 1959).

It is hereby notified for general information that Special Grant No. M.4/4/28, registered in favour of Industrial Minerals Exploration (Pty.) Ltd., has been cancel-

Algemene Kennisgewings.

(No. 28 van 1959).

MUNISIPALITEIT WALVISBAAI.

KENNISGEWING NO. 4/59.

VOORGESTELDE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN 3DE STRAAT-OOS.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalinge van Artikel 171 (b) van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie No. 3 van 1949), dat die Raad voornemens is om die volgende gedeelte van straat permanent te sluit:—

'n Stomp driehoek gedeelte geleë op die kruising van 3de Straat-oos en 18de Weg aangrensend Geconsolideerde Erf 1254, groot ongeveer 1960 vierkant meters.

Planne wat die gedeelte aantoon wat gesluit gaan word, sal vir 'n tydperk van 60 dae vanaf datum hiervan gedurende kantoorure ter insae lê, gedurende welke tydperk besware teen die voorgestelde sluiting skriftelik by die Administrateur ingedien mag word.

(No. 29 van 1959).

Ter algemene inligting geskied daar hierby kennisgewing dat Spesiale Akte M.4/4/28 geregistreer ten gunste van „Industrial Minerals Exploration (Pty.) Ltd.",

led with effect from the 29th May, 1958, and that a new Grant No. M.4/4/92 has been registered in favour of this Company over the same area.

P. F. HENDERSON,
Inspector of Mines.

(No. 110 of 1959 (Union).)

BUILDING SOCIETIES RETURNS.

In terms of Section *forty-four* (3) of the Building Societies Act, 1934, the following Composite Return is published for general information.

SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED ON THE 31st DAY OF DECEMBER, 1958.

(Required in terms of section *forty-four* of the Building Societies Act, 1934).

Number of Societies	28
Share Capital:	
Indefinite	£249,697,278
Fixed Period	£ 13,438,125
Total	£263,135,403
Unimpaired Reserve Fund	£ 23,173,984
Deposits:	
Fixed	£164,370,407
Savings	£ 94,681,247
Total	£259,051,654
Accrued Interest	£ 5,444,619
Loans and Overdrafts	£ 3,278,941
Mortgage Advances:	
Number:	
(i) Advances over £5,000	£ 7,564
(ii) All Advances	£ 206,308
Amount:	
(i) Advances over £5,000	£ 91,717,270
(ii) All Advances	£444,143,998
Granted but not paid out	£ 18,673,276
Liquid Assets:	
Cash and Deposits	£ 11,561,094
Unencumbered Securities	£ 75,583,601
Accrued Interest	£ 961,480
Total	£ 88,106,175
Statutory Minimum Amount	£ 66,015,275

met ingang 29 Mei 1958 gekanselleer is en 'n nuwe akte M.4/4/92 vanaf dieselfde datum oor dieselfde gebied ten gunste van hierdie Maatskappy geregistreer is.

P. F. HENDERSON,
Inspekteur van Mynwese.

(No. 110 van 1959 (Unie).)

BOUVERENIGINGSOPGAWES.

